

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Addendum van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:
AFDELING A: Begrip, Taal en Styl
AFDELING B: Poësie
AFDELING C: Visuele Geletterdheid, Kritiese Taalbewustheid
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.
 4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verplichtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verplichtend).
 5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 6. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
 7. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde en bly binne die regterkantse kantlyn.
 8. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die puntetoekenning by elkeen van die vrae as riglyn vir die antwoord se lengte.
 9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
 10. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.
-

AFDELING A**VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL**

Lees die bekende kunstenaar en bewaringsaktivis, Chris Chameleon, se rubriek getiteld *Red die groente* (TEKS 1 in die Addendum) aandagtig deur voordat jy die onderstaande vrae beantwoord.

- 1.1 Verwoord die jaloesie-**idioom** waarop die skrywer in paragraaf 1 sinspeel. (1)
- 1.2 Verduidelik in jou *eie woorde* wat die skrywer met "om groener te wees" (paragraaf 1) bedoel deur paragraaf 2 volledig te betrek. (2)
- 1.3 Verwys na die vetgedrukte **werkwoorde** in paragraaf 3. Al drie is in die **verledetydsvorm**. Waarom word "was" nie in die derde geval ook gebruik nie? Staaf jou antwoord vanuit die taalleer – meer spesifiek sinsleer. (1)
- 1.4 Bestudeer die **woordeboekinskrywing** vir die woord "poets" soos dit in die HAT (2015:992) verskyn en beantwoord die vrae wat daarop volg.

poets 1. ww. [het ge-] skoonmaak; blink maak: *skoene/meubels poets ° jou motor poets.*

poets 2. snw. [-e; -ie] (onaangename) grap/streek: *Dis nou die soort poets wat 'n mens net kwaad maak.* I **iemand 'n poets bak** iets grappigs doen/bedink om iemand anders dom te laat voel of hom/haar laf/verspot te laat lyk: *iemand 'n lelike/wrede poets bak.*

- 1.4.1 Waarop, lei jy af, dui die *skuinsgedrukte dele* ná beide betekenisverklarings? (1)
- 1.4.2 Watter een van die twee moontlike betekenis van die woord pas die beste by die manier waarop dit in paragraaf 3 gebruik word? Motiveer jou antwoord deur die konteks te betrek. (1)
- 1.5 Verduidelik die moontlik **dubbelsinnige** betekenis van "goed op my plek gesit is" binne die konteks van paragraaf 3. (2)
- 1.6 Verwys na paragraaf 3. Die skoolsielkundige vra droogweg wat die spreker se probleem is en die spreker blaker die antwoord uit. Die onderstreepte **woordkeuses** pas by die twee betrokkenes se karakter/manier van doen.
- Haal nou ander beskrywende woorde uit dieselfde paragraaf aan (een wat pas by die sielkundige en een wat pas by die spreker) om bogenoemde stelling te staaf. (2)
- 1.7 Sê kortliks hoe die samelewing "in daardie jare" (paragraaf 4) se natuurbeskouing **verskil** van die hedendaagse samelewing. (1)
- 1.8 Waarom dink jy kom die skoolsielkundige tot die spesifieke gevolgtrekking oor die spreker – soos in paragraaf 4 aan die moeder verwoord. Verduidelik noukeurig. (2)

- 1.9 1.9.1 Sê in jou *eie woorde* van wanneer af die spreker hom werklik begin bemoei het met die ontbossingsprobleem (en waarskynlik ander natuurprobleme). (1)
- 1.9.2 Skryf 'n woord uit paragraaf 5 neer wat daarop dui dat sy natuurbelangstelling op bogenoemde tydstip begin het. (1)
- 1.10 Die woord "gepeupel" in paragraaf 5 is 'n versamelnaam vir 'n gewoonlik onordelike menigte, asook die laagste, grofste deel van die bevolking. Die spreker kies om op dié manier na sy gehoor te verwys. Dus: 'n meer gelaaide woord in die plek van 'n meer neutrale woord.
- Bespreek wat jy dink die effektiwiteit van dié **woordkeuse** is deur paragraaf 5 breedvoerig te betrek. (3)
- 1.11 Verwys na paragraaf 5 tot 7.
- 1.11.1 Die spreker beskou homself as 'n aktivis. Skryf die **basis/stam** van die woord "aktivisme" neer. (1)
- 1.11.2 Noem enige voorbeeld waardeur die spreker aktivisme t.o.v. die Amasone- /natuurprobleem illustreer. (1)
- 1.11.3 Skep nou jou eie woordeboekinskrywing vir die woord "aktivisme" aan die hand van die voorbeeld by 1.4. Gee aandag aan die volgende:
- die hoof**woordsoort**
 - 'n definisie/(denotatiewe) betekenisverklaring [slegs EEN is nodig]
 - jou eie gepaste skuinsdrukgedeelte (jy kan dit onderstreep)
 - die korrekte aanbieding van bogenoemde om soos 'n woordeboekinskrywing te lyk (2)
- 1.12 Verduidelik in jou *eie woorde* wat die spreker bedoel met die feit dat hy met 'n kapsel gesit het wat sy lewenslange status as randfiguur bevestig het (paragraaf 6). Gee aandag aan die onderstreepte woorde in jou verduideliking. (1)
- 1.13 Verduidelik die **humor** in die slotparagraaf (paragraaf 8) volledig soos jy dit verstaan. (2)

[25]

VRAAG 2 BEGRIP, TAAL EN STYL

Die leesstuk "Versugting na 'n lekkerleesboek in Afrikaans" (TEKS 2 in die Addendum) moet deeglik deurgelees word voordat jy die vrae beantwoord.

- 2.1 Gee 'n gepaste **sinoniem** vir "Versugting" in die titel van die leesstuk. (1)
- 2.2 Verduidelik noukeurig die verskil in betekenis wat 'n **verlede (voltooide) deelwoord** teweeg sou bring in die eerste sin van paragraaf 2 in plaas van die vetgedrukte **teenwoordige (onvoltooide) deelwoord** soos dit in die leesstuk gebruik word.
- Verduidelik met ander woorde die verskil tussen: *veranderde* versus *veranderende*. Betrek die konteks. (2)
- 2.3 Die **vertelperspektief** verander in paragraaf 3 se eerste sin van 'n **derdepersoonsverteller** na 'n **ek-verteller** in die tweede sin. Dui kortliks aan wat jy dink die effek van hierdie verskuiwing/verandering in dié konteks is. (1)
- 2.4 Let op na die funksies van die volgende **lees- en skryftekens** soos dit in paragraaf 5 gebruik word:
- "en die wind waai ..." (ellips)
 - ", my poedelkind," (kommas)
 - "bal-op-strand-jaag" (koppelteken)
 - "neerval, haal" (komma)
 - "werk- en leestablet" (koppelteken)
 - "móét" (akuut)

OPDRAG:

Skryf jou EIE 2–3 sinne oor enige leeservaring wat jy gehad het en maak seker jy gebruik ENIGE VIER van die bostaande lees- en/of skryftekens MET DIESELFDE FUNKSIE toepaslik in jou skryfwerk. (Dui jou gekose lees- en/of skryftekens duidelik in jou skryfstukkie aan.) (2)

- 2.5 2.5.1 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 5 in die **bedrywende vorm**. (1)
- 2.5.2 Waarom dink jy is die onderstreepte sin tog meer gepas in die **lydende vorm**? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die konteks. (1)
- 2.6 Verduidelik in jou *eie woorde* wat die skrywer bedoel met die opmerking "Ons land is fiktiewer as fiksie." in paragraaf 7. (1)

- 2.7 Die hele paragraaf 8 bestaan uit vraagsinne – met die doel om die leser te betrek by wat gesê word en daaroor te laat nadink.
- 2.7.1 Wat word hierdie **stylfiguur/stylmiddel** genoem? (1)
- 2.7.2 Noudat jy nagedink het, deel jou denke deur jou eie **standpunt** oor Afrikaanse romans duidelik te bewoord. Betrek die teks – veral een van die genoemde punte in paragraaf 7 EN jou kennis van Afrikaanse leesstof om jou standpunt te versterk. (3)
- 2.8 Sê kortliks waarom die spreker eintlik om hulp roep (paragraaf 9). Neem die groter konteks in gedagte. (1)
- 2.9 Die skrywer slaag daarin om te verseker dat die **slot** (paragraaf 11) op 'n subtiele, slim wyse die inhoud en boodskap van die leesstuk saamvat.
- Bewys bogenoemde stelling deur ENIGE EEN van die onderstaande tegnieke in 'n goeie volsin te bespreek:
- "sug" as effektiewe woordkeuse;
- OF
- "Hoekom" as effektiewe keuse vir die hond se naam (naamgewing);
- OF
- die effektiwiteit van die fisiese ruimtebeskrywing. (1)
- [15]**

VRAAG 3 OPSOMMING

Lees TEKS 3 in die Addendum deur en voer die onderstaande opdrag nougeset uit:

OPDRAG:

Jy doen navorsing vir die bekende Radio Sonder Grense (RSG) vir 'n radioprogram oor die jaar se neigings of tendense en gebruik TEKS 3 as jou bron. **Maak 'n opsomming van hierdie teks in EEN samehangende PARAGRAAF.**

BYKOMENDE INSTRUKSIES:

- Voorsien jou paragraaf van jou **eie opskrif** wat die inhoud treffend belig.
- Jy mag nie meer as **90 woorde** gebruik nie (jou opskrif word nie bygetel nie; *die* en *'n* wel).
- **Korrekte taalgebruik** en **volsinne** is van uiterste belang en die gepaste **styl, toon en register** vir die **formele** RSG-program moet gehandhaaf word.
- Dui die **akkurate woordtal** onderaan jou opsomming aan.
- Gebruik hoofsaaklik jou **eie woorde** en gee aandag aan **samehang** sodat jou paragraaf as 'n vloeiende geheel lees.
- **WENK:** Jy moet 10 tot 11 hoof- en ondersteunende feite uit die teks opsom. Dit is daarom raadsaam om eers 'n rofwerkpoging voor jou finale poging te doen.

Jou opsomming sal met 'n metingskaal nagesien word.

[10]

50 punte

AFDELING B POËSIE**VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG**

Lees die gedig "n Student skryf aan sy meisie" geskryf deur Hennie Aucamp (TEKS 4 in die Addendum) én die vrae hieronder deur en beantwoord dan die vrae noukeurig.

- 4.1 Gee 'n logiese rede vir die Russiese naam en van wat onder die **subtitel** verskyn. (1)
- 4.2 Skryf twee volsinne waarin jy die situasie in die gedig verduidelik:
- Gee in die eerste sin kortliks aandag aan die **spreker** en die **aangesprokene** se verhoudingsake.
 - Sê in die tweede sin waarom die **titel** van die gedig ietwat **ironies** is. (3)
- 4.3 Dit is uit die staanspoor duidelik dat die spreker eensaam is. Skryf TWEE gepaste voorbeelde uit die gedig neer wat aantoon hoe die **fisiese ruimte** by hierdie gevoel van eensaamheid aansluit. (2)
- 4.4 Die spel met **tipografie** dra by tot 'n baie interessante gedig. Oorweeg die volgende stellings as moontlike interpretasies van die tipografie:
- A. Die gewone druk verteenwoordig die brief wat die student skryf en die skuinsdruk/kursiefgedrukte dele stel sy gedagtegang waarin hy besin (dalk dagboekhou in briefformaat) voor.
 - B. Slegs die skuinsdruk/kursiefgedrukte dele van die gedig is die brief wat die student sover kom om neer te skryf en die gewone druk stel die student se gedagtes in gemaklike geselstrant voor.
 - C. Die hele gedig stel dalk die brief voor – 'n soort tweespalt in die student se gemoed word bloot op interessante maniere uitgehef.
 - D. 'n Ander geldige verklaring as een van bogenoemde.

Opdrag:

Kies watter interpretasie (A–C) jy dink die oortuigendste binne die konteks van die gedig werk en skryf die letter duidelik langs jou vraagnommer neer. MOTIVEER nou jou keuse breedvoerig deur – aan die hand van VOORBEELDE uit die gedig – te verduidelik hoekom jy die tipografie só interpreteer.

Let wel: Indien jy oor 'n ander/beter interpretasie as A–C beskik, skryf die letter D langs jou vraagnommer neer en verwoord jÓú interpretasie duidelik. MOTIVEER nou jou interpretasie breedvoerig deur – aan die hand van VOORBEELDE uit die gedig – te verduidelik hoekom jy die tipografie só interpreteer. (3)

- 4.5 Beskou die **toon** in strofes 7 (reël 25–28) en 8 (reël 29–32).
- 4.5.1 Haal een woord uit strofe 7 aan wat dui op die spreker se ietwat geïrriteerde toon met die tante. (1)
- 4.5.2 Gee jou eie woord of 'n kort omskrywing vir die spreker se toon in die gebruik van die kragwoord "dêmmmit" binne die konteks van strofe 8. (1)
- 4.6 Die skrywerskeuse om die laaste reël (reël 36) met 'n **vraagteken** in plaas van 'n punt af te sluit, kan meer as een rede of effek hê. Wat sou jy sê is die funksie van die vraagteken binne dié konteks? (1)

[12]

[BEANTWOORD VRAAG 5 OF VRAAG 6]**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG**

Lees die uittreksel uit die gedig "Gebed om die gebeente" (TEKS 5 in die Addendum) reeds in 1950 gepubliseer en beantwoord die vrae daarvoor gestel.

- 5.1 Deel kortliks jou agtergrondkennis oor die gedig (in gebedsvorm) deur te sê wie die **spreker** is EN wat **die aanvanklike doel van dié spreker se gebed** is. Wees spesifiek. (2)
- 5.2 Verwys na reël 49–53.
- 5.2.1 Sê in jou *eie woorde* hoe die "hy" (Gideon Scheepers) van wie hier gepraat word, kan leef al het hy meer as een maal gesterf. (1)
- 5.2.2 Wat word die bogenoemde **skynbare teenstrydigheid** in die letterkunde genoem? (1)
- 5.3 Hoewel 'n baie spesifieke deel van die geskiedenis betrek word, is die gebed-gedig uiteindelik **universeel** – dit is algemeen geldend en toepaslik op enige plek, situasie of tydperk.
- Bespreek die bogenoemde stelling deur aandag te gee aan die volgende aspekte in die inhoud:
- VAN: "my kind" (reël 6) en "die drag gebeente van my skoot" (reël 13)
NA: "soveel beendre" (reël 54) en "ál die bleek gebeente" (reël 55) EN "een land vol skedels en gebeente, een groot graf" (reël 57). (2)
 - die **uiteindelike/groter doel van die gebed** (vanaf reël 55 en veral ook reël 61–64). (2)

[8]**OF****VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG**

Lees die uittreksel uit die gedig "Gebed om leiding" (TEKS 6 in die Addendum) reeds in 1979 gepubliseer en beantwoord die vrae daarvoor gestel.

- 6.1 Deel kortliks jou agtergrondkennis oor die gedig (in gebedsvorm) deur te sê wie die **spreker** is EN wat **die doel van dié spreker se gebed** is. Wees spesifiek. (2)
- 6.2 Die spreker verwys in reël 3 na die "seëninge" wat hy/sy ontvang. Som enige TWEE van hierdie seëninge (wat in die uittreksel voorkom) letterlik, in jou *eie woorde* op. (2)

- 6.3 Hoewel 'n baie spesifieke gemeente betrek word, is die gebed-gedig eintlik **universeel** – dit is algemeen geldend en toepaslik op enige plek, situasie of tydperk.
- 6.3.1 Die feit dat hierdie "gebed" eintlik 'n bespotting is van menslike swakhede of wantoestande ontmasker, is 'n duidelike aanduiding van die stelling hierbo. Wat word hierdie **genre** of **digsoort** in die letterkunde genoem? (1)
- 6.3.2 Bespreek die stelling by 6.3 deur aandag te gee aan die volgende aspekte binne die konteks van die gedig:
- die skuinsdrukgedeelte onder die titel van die gedig. (1)
 - die **doel van hierdie gedig** – met ander woorde: wie/wat word eintlik deur hierdie gedig ontmasker of bespot? Verduidelik. (2)
- [8]**

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "Ek het 'n huisie aan die Rand" (TEKS 7 in die Addendum) geskryf deur Pirow Bekker én die onderstaande brokkies inligting alvorens jy die vrae beantwoord.

- A. Hierdie gedig is 'n **intertekstuele** "gesprek" met die gedig *Ek het 'n huisie by die see* geskryf deur H.A. Fagan en gesing deur onder andere Laurika Rauch.
- B. Die **Rand**, soos in die **titel** gebruik, verwys na die Witwatersrand en eintlik die groter Johannesburg-omgewing. Dus kan dié gedig as een van Afrikaans se ekokritiese stadsgedigte beskou word.

- 7.1 Bestudeer die **bou** van die gedig en benoem dan die **digsoort** hier ter sprake. (1)
- 7.2 Hierdie gedig is 'n verdraaiing van die oorspronklike teks deur Fagan waarin "huisie" 'n positiewe konnotasie het.
- 7.2.1 Bespreek hierdie stelling breedvoerig deur die konnotasie wat "huisie"/"huis" in hierdie gedig verkry, noukeurig te verduidelik. Lig jou verduideliking toe met voldoende voorbeelde uit die gedig. (3)
- 7.2.2 Wat dink jy wil die digter (Bekker) met die konnotasie-verskuiwing sê oor die stadslewe? Verwoord dus kortliks die **tema** van dié gedig. (1)
- 7.3 In die oorspronklike teks word die frase "Dis nag" een maal gebruik, maar drie maal in hierdie gedig (reëls 1, 9 en 13). Wat dink jy is die betekenis van die frase EN die funksie van die **herhaling** binne die konteks van dié gedig. (2)
- 7.4 Gee een goeie rede vir die gebruik van die **hakies** (reël 8) binne die konteks van die gedig. (1)
- 7.5 Verwys na die slotstrofe. Kies enige EEN van die onderstaande poësie-tegnieke wat in reël 13–14 aangetref word. Skryf jou keuse neer en verduidelik hoe dié tegniek die kernboodskap in die eindkoeplet versterk.

Personifikasie OF hiperbool OF ironie OF paarrym

(2)
[10]

30 punte

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID, KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8

Kyk na die visuele materiaal gemerk A tot C (TEKSTE vir Vraag 8 in die Addendum) en voer dan die onderstaande opdragte uit.

A

Dit is 'n bekende feit dat adverteerders gebruik maak van sagteware-programme (soos Photoshop) om foto's digitaal te redigeer/te manipuleer. Die voorbeeld by A is maar een wat in die laaste jare opspraak verwek het – soveel só dat L'Oréal se "Revitalift"-advertensie, ná klagtes, verban is.

- 8.1 Noem een **visuele verskil** tussen die voor-foto en die na-foto wat uit die adverteerder se oogpunt aangebring "moes word". (1)
- 8.2 Dink jy die persone wat klagtes oor dié tipe redigering in die advertensie gelê het, het oorreageer OF is die klagtes geldig? Betoog **jou standpunt** deur die volledige bewoording daarvan EN dryf dit deur na die doel van dié advertensie, sowel as na die gevorderde hedendaagse tegnologie te verwys. (3)

B

Die onderklere-vervaardiger "Victoria's Secret" het ook ontsteltenis veroorsaak met hul reklame-veldtog vir hul reeks "Body" (vertaal as "Lyf"). Na 'n aanlyn-petisie en 'n herrie op sosiale media het hul die bewoording van die advertensie verander van: *Die perfekte "lyf"* (verwysend na die onderklere, maar ook suggestief) na: *'n "Lyf" vir elke lyf.*

- 8.3 Wat **suggereer** die gebruik van die **aanhalingstekens** in die oorspronklike bewoording? (1)
- 8.4 Verduidelik kortliks hoe "Victoria's Secret" wel daarin geslaag het om agterna die bewoording van die advertensie te verbeter. (1)
- 8.5 Verwys na die twee twiets.
- 8.5.1 Dui duidelik aan watter een se **styl** jy verkies en gee 'n goeie rede vir jou antwoord. (1)
- 8.5.2 Waarvoor staan die **afkortings nm.** en **vm.** wat onderaan die twiets verskyn, onderskeidelik? (1)
- 8.6 Dink jy sosiale media kan werklik positiewe verandering teweegbring? Motiveer jou opinie deur die "Victoria's Secret"-voorbeeld EN jou persoonlike ervaring te betrek. (2)

C

- 8.7 Die organisasie "Truth in Advertising" sê die stryd aan teen misleidende, vals advertensies en nader jou om vir hul reeds ontwerpte advertensie (C) 'n treffende **opskrif** vir die wit spasie (*) te skryf. Skryf jou opskrif in jou eksamenboek neer. (2)

VRAAG 9 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (TEKS 9 in die Addendum) aandagtig en beantwoord die onderstaande vrae.

- 9.1 Verduidelik die **vergelyking** tussen voëls en mense in hierdie spotprent volledig, deur die situasie wat hier uitgebeeld word, te betrek. (2)
- 9.2 Sê in jou *eie woorde* waarom die jonger voël "GELUK" én "STERKTE" toegewens word. Wees spesifiek. (2)
- 9.3 Noem een **visuele aspek** van die jonger voël se **lyftaal** wat by die STERKTE-wens aansluit. (1)
- 9.4 Die woorde in die wolke voorspel moeilikheid. Noem nog een **visuele aspek** wat hierdie woorde se boodskap ondersteun. (1)
- 9.5 Wat dink jy is die **IRONIESE spottende kommentaar** wat deur die spotprent gelewer word? Verduidelik volledig. (2)

[8]

20 punte

Totaal: 100 punte